
SOJABOONBEDRYF GROEI DRAMATIES

# Nuwe sojapers aanwins vir SA

Gehalte is beter, skep nuwe poste

**VIDA BOOYSEN**

Dinsdag 22 April 2014



Bloemfontein. – Die sojaboonbedryf in Suid-Afrika groei dramaties en 'n nuwe Vrystaatse sojapers het reeds die tonge aan die klap danksy die hoë gehalte van sy produk.

Free State Oils se aanleg op Villiers het 'n hele paar eerstes vir Suid-Afrika behaal.

Die aanleg, wat nou net 'n raps meer as 'n jaar in bedryf is, is die eerste van 'n nuwe geslag soja-perse wat die afgelope tyd in Suid-Afrika opgerig is.

"Die strategie was om soja-oliekoek te produseer waarvan die gehalte beter as die ingevoerde produk is," sê die landbou-sakeman, dr. Chris van der Merwe, uitvoerende hoof van Free State Oils. Hy is 'n voormalige besturende direkteur van die Nola-voedselmaatskappy.

Sojameel word in veevoer gebruik, en danksy die stygende vraag na diere-proteïen kan die plaaslike bedryf nie voorbly om te voorsien nie.

"Suid-Afrika is tans 'n netto invoerder van soja, wat 'n kapitaaluitvloei van sowat R1 miljard per jaar beteken, wat ons baie beter binnelands kan gebruik," sê Van der Merwe.

Hy glo die nuwe sojapers het 'n groot bydrae gelewer om soja se pryse vanaf uitvoerpariteit na invoerpariteit te laat beweeg.

Invoervervanging is uiters belangrik vir die sukses van die plaaslike bedryf, en tot R1 miljard is die afgelope paar jaar bestee om nuwe soja-aanlegte, soos die een by Villiers, te bou.



*Free State Oil se soja-aanleg op Villiers is nou net meer as 'n jaar in bedryf en het in dié tyd 'n goeie reputasie verwerf vir die hoë gehalte van sy sojakoek. Van links is dr. Chris van der Merwe, uitvoerende hoof van Free State Oil, Baboo Essack, van Sealake Industries en Koos Janse van Rensburg, besturende direkteur van VKB. Die aanleg is 'n vennootskap tussen VKB en Sealake. Foto: VIDA BOOYSEN*

Van der Merwe sê Free State Oils is die eerste plaaslike soja-aanleg wat ten volle deur Suid-Afrikaanse beleggers gefinansier is. Die projek is 'n gesamentlike onderneming tussen die landboumaatskappy VKB, die kookolie-vervaardiger Sealake Industries en Van der Merwe self.

VKB, 'n voormalige landboukoöperasie, het reeds 'n hoenderabattoir in Reitz, verskeie braaihoenderhuise op plase in die Noordoos-Vrystaat, 'n veevoermeule in Vrede en nou ook 'n aandeel in die soja-oliepers in Villiers, wat waarde vir sy landbou-produsente skep.

Die sojapers is in die kort tyd dat hy in bedryf is, reeds in die veevoerbedryf bekend vir die uitstaande gehalte van sy oliekoek.

"Die proteïen-inhoud en -kwaliteit is bewese beter as die gemiddelde ingevoerde oliekoek," sê Van der Merwe.

Die aanleg kan tot 200 000 ton sojabone per jaar verwerk en het tot 80 nuwe werkgeleenthede in Villiers geskep.

**Plaaslike sojabedryf het ruimte vir groei**

Die huidige sojaboon-oesskatting is 867 700 ton, maar dit is steeds minder as die verbruik van nagenoeg 'n miljoen ton, en aansienlik minder as die volle produksievermoë van die vlaag nuwe fabrieke wat onlangs opgerig is en tot soveel as 2 miljoen ton kan verwerk. Die buro vir voedsel en landboubeleid (BFAP) glo dat Suid-Afrika se vraag na sojaboon teen 2020 tot 1,8 miljoen ton sal verdubbel.

## Sojaboonbedryf groei dramaties

# Nuwe sojapers aanwins vir SA

## Gehalte is beter, skep nuwe poste

**Vida Booysen**

Bloemfontein. – Die sojaboonbedryf in Suid-Afrika groei dramaties en 'n nuwe Vrystaatse sojapers het reeds die tonge aan die klap danksy die hoë gehalte van sy produk.

Free State Oils se aanleg op Villiers het 'n hele paar eerstes vir Suid-Afrika behaal.

Die aanleg, wat nou net 'n raps meer as 'n jaar in bedryf is, is die eerste van 'n nuwe geslag sojaperse wat die afgelope tyd in Suid-Afrika opgerig is.

"Die strategie was om soja-oliekoek te produseer waarvan die gehalte beter as die ingevoerde produk is," sê die landbou-sakeman, dr. Chris van der Merwe, uitvoerende hoof van Free State Oils. Hy is 'n voormalige besturende direkteur van die Nola-voedselmaatskappy.

Sojameel word in veevoer gebruik, en danksy die stygende vraag na diere-proteïene kan die plaaslike bedryf nie voorbly om te voorsien nie.

"Suid-Afrika is tans 'n netto invoerder van soja, wat 'n kapitaaluitvloei van sowat R1 miljard per jaar beteken, wat ons baie beter binnelands kan gebruik," sê Van der Merwe.

Hy glo die nuwe sojapers het 'n groot bydrae gelewer om soja se pryse vanaf uitvoerpariteit na invoerpariteit te laat beweeg.

Invoervervanging is uiters belangrik vir die sukses van die plaaslike bedryf, en tot R1 miljard is die afgelope paar jaar bestee om nuwe soja-aanlegte, soos die een by Villiers, te bou.


Van der Merwe sê Free State Oils is die eerste plaaslike soja-aanleg wat ten volle deur Suid-Afrikaanse beleggers gefinansier is. Die projek is 'n gesamentlike onderneming tussen die landboumaatskappy VKB, die kookolievervaardiger Sealake Industries en Van der Merwe self.

VKB, 'n voormalige landboukoöperasie, het reeds 'n hoenderabattoir in Reitz, verskeie braaihoenderhuise op plase in die Noordoos-Vrystaat, 'n veevoermeule in Vrede en nou ook 'n aandeel in die soja-oliepers in Villiers, wat waarde vir sy landbouprodusente skep.

Die sojapers is in die kort tyd dat hy in bedryf is, reeds in die veevoerbedryf bekend vir die uitstaande gehalte van sy oliekoek.

"Die proteïen-inhoud en -kwaliteit is bewese beter as die gemiddelde ingevoerde oliekoek," sê Van der Merwe.

Die aanleg kan tot 200 000 ton sojabone per jaar verwerk en het tot 80 nuwe werkgeleenthede in Villiers geskep.



**Sojameel word in veevoer gebruik, en danksy die stygende vraag na diere-proteïene kan die plaaslike bedryf nie voorbly om te voorsien nie.**
Foto: VIDA BOOYSEN

*** Plaaslike sojabedryf het ruimte vir groei**

Die huidige sojaboon-oesskatting is 867 700 ton, maar dit is steeds minder as die verbruik van nagenoeg 'n miljoen ton, en aansienlik minder as die volle produksievermoë van die vlaag nuwe fabrieke wat onlangs opgerig is en tot soveel as 2 miljoen ton kan verwerk. Die buro vir voedsel en landboubeleid (BFAP) glo dat Suid-Afrika se vraag na sojaboon teen 2020 tot 1,8 miljoen ton sal verdubbel.